# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# AFRIKAANS HUISTAAL
# VRAESTEL 2
# MEMORANDUM
# SEPTEMBER 2010

VRYSTAAT DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

Punte: 70

Tyd: 2½ uur

(Hierdie vraestel is deur Vakadviseurs en Afrikaans-onderwysers van die Vrystaat opgestel.)

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye

**INSTRUKSIES AAN NASIENERS (Nov. 2009 se 'nasienbeleid')**

'n Kandidaat mag nie die puntaanwysers as opskrifte gebruik (en / of onderstreep) in dieopsteltipe vrae nie – hy/sy word dan op die rubriek t.o.v. taal en styl met 1 kode gepenaliseer tot 'n minimum van kode 3. Onthou dit is 'n opstel – die puntsaanwysers kan in sinsformaat 'n inleidend deel van die paragraaf vorm. [As jy hieroor twyfel – kyk na die Nasionale Memo van Nov 2009 – dit staan boaan elke langvraag.]

1. As 'n kandidaat meer as die verlangde getal vrae gedoen het, word net die eerste antwoord/respons nagesien. (Die kandidate mag nie die opstelvraag en die kontekstuele vraag oor dieselfde genre beantwoord nie.)

2. As 'n kandidaat in AFDELING A al vier vrae oor die gesiene gedigte gedoen het, word die eerste twee gedigte nagesien.

3. As 'n kandidaat in AFDELING B en C twee kontekstuele vrae of twee opstelvrae gedoen het, word die eerste vraag nagesien en die tweede vraag word geïgnoreer. As 'n kandidaat al vier die vrae in AFDELING B en C beantwoord het, word die eerste vraag in elke afdeling nagesien, mits een kontekstuele vraag en een opstelvraag beantwoord is.

4. As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.

5. As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.

6. As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word dit verkeerd gemerk. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word dit as korrek beskou.

7. *Opstelvraag*: As die opstel korter as die verlangde lengte is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie omdat hy/sy, hom-/haarself gepenaliseer het.

8. As die opstel te lank is, laat 'n oorskreiding van 'n maksimum van 50 woorde (disjunkte ortografie) toe en ignoreer die res van die opstel.

9. *Kontekstuele vrae*: As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word hy/sy nie gepenaliseer nie.

Dui punte soos volg aan:

I = K7 = 15
T = K7 = 10
T = 25

Punte word regs onder en links bo neergeskryf en omkring

½-punte kan toegeken word (sien rubriek van gedigte), dit word as 'n halwe punt op die buiteblad oorgedra (bv 7½) en dan in die totaal aangepas.

## AFDELING A: POËSIE

***Gebruik die rubriek vir die nasien van die opstelvraag; die kandidaat moet al die merkers aanraak.***

### VRAAG 1: Man met flits – DJ Opperman

**Die abstrakte betekenisvlak of interpretasie van die titel:**

- die titel word ‘n simboliese voorstelling van ‘n denkproses
- die ligkol van die flits word simbolies vertolk as die man se intellek.
- die lidwoord wat ontbreek, verwys na die universele mens in sy poging om die onbekende te probeer begryp
- dit is asof die titel soos flitsbeelde word;drie helder kolle wat deur die drie kort woorde langs mekaar verbeeld word

**Die gebruik van metafore ondersteun die abstrakte betekenisvlak van die gedig**

- “stol” word gebruik om die denkproses uit te beeld
- die mens sien net die ogies van die dier wat bang is en skielik verdwyn – ‘n beeld wat gebruik word om aan te dui dat die denker nou ‘n mate van helderheid oor die onbekende begin kry
- die mens se voet wat in die donker soek-soek na ‘n klip wat nie omrol nie – die mens se helderheid oor die onbekende beweeg nou op ‘n moeilike en gevaarlike terrein
- “aan ‘n takkie hang” – ‘n gevoel van wankelrige onsekerheid word geskep
- “klip” – dui op vastigheid
- “klein wit” – metafoor vir die mens se beperkte insig in sy problematiek

**Progressie op die abstrakte vlak**

- aanvanklik word eers op die meer onmiddellike problematiek gefokus – ‘n mens wat in die donker met die hulp van ‘n flits oor onbekende terrein moet beweeg
- daarna word hierdie probelamtiek abstrak en gevaarlik - die mens worstel nou met probleme en soek na antwoorde en oplossings wat hom nie juis nader aan ‘n antwoord op sy soeke bring nie, eerder nog meer onsekerheid
- eers is die mens die bedreiger, want dinge vlug vir hom, maar later word hy die bedreigde; duister bedreig hom van alle kante.

**[10]**

**VRAAG 2 VOOR 'N ONBEKENDE MÔRE – MATHEWS PHOSA**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 2.1 | Die mense wat tydens die apartheidsjare na ander lande verhuis het en na die 1994-verkiesing na Suid-Afrika teruggekeer het. / Die bannelinge ("exiles") wat na Suid-Afrika teruggekeer het nadat apartheid afgeskaf is. ✓ | 2.2.6 | analise | 1 |
| 2.2 | Nee. Dit is binne konteks gepas, want die uitgewekenes se voertaal was in daardie tyd (en is vandag nog) Engels. | 2.2.5 | toepassing | 1 |
| 2.3 | B pessimiste | 2.2.2 | sintese | 1 |
| 2.4 | Hy maak gebruik van die informele aanspreekvorme "jy" en "julle". | 2.2.1 | begrip | 1 |
| 2.5 | Die k-alliterasie in "kies julle kant" beklemtoon die woorde "kies" en "kant", en bevestig hoe belangrik dit is om duidelik oor jou posisie te wees. ✓ Die v-alliterasie in "vis en vark" beklemtoon die woorde "vis" en "vark" en die verskil tussen die verskillende groepe. Die alliterasie en die kort woorde skep 'n sterk ritmiese vloei.✓ (al twee vir een punt) | 2.2.6 | kennis | 1 |
| 2.6 | Die lang vokaalklanke in "*groei", "saam", "gees", "droom*" en *"toekomssaad"* ondersteun die plegtige, formele toon van die opdrag.✓ | 2.2.5 | kennis | 1 |
| 2.7.1<br>2.7.2 | Die slotstrofe is 'n koeplet.<br>Dit word uitgehef omdat dit die klimaks van die gedig bevat. | 2.2.6 | toepassing | 1<br>1 |
| 2.8 | Laat toe vir leerder se eie respons. | 2.2.8 | | 1 |

**VRAAG 3 die straatkind – LINDA ROOS**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 3.1 | Dit verwys na die onbelangrikheid van die straatkind. Hy is niks in die oë van die ander nie.✓ | 2.2.4 | kennis | 1 |
| 3.2 | Sy weet nie nie hoe om teenoor die straatkind op te tree nie en gee dus voor dat sy ongeërg is / nie geraak word nie.✓ | 2.2.5 | kennis | 1 |
| 3.3 | Hy is waarskynlik ondervoed – sy skouerbene staan daarom baie skerp uit.<br>Dit kan ook as 'n simbool van selfverdediging gesien word – 'n straatkind moet hom teen talle gevare beskerm en sy liggaanshouding kan dus 'n boodskap stuur van: "pas op, ek is gereed om te baklei". (Enige een van die moontlike antwoorde) | 2.2.8 | analise | 1 |
| 3.4 | Die woord "pendelaars" pas oënskynlik nie by die "bedelaars" en die "hoere" nie. Laasgenoemde twee groepe is – net soos die straatkind – mense wat randgroepe is, mense op wie neergesien word. Pendelaars is mense wat gereeld heen en weer van hul huise na hul werkplekke reis. Miskien wil die verteller impliseer dat sy gewoonlik neersien op mense of net op sekere "pendelaars".✓<br>**OF** Die spreker verwys na "bedelaars, pendelaars en hoere". Dit is die groepe mense teenoor wie sy, net soos teenoor die straatkind, ongemaklik voel. Bedelaars en hoere kan as randfigure van die samelewing beskou word. Dit is nie | 2.2.10 | analise | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | heeltemal duidelik hoe "pendelaars" by die groepe inpas nie. Miskien wil sy bloot suggereer dat haar verhouding met "pendelaars" so oppervlakkig is soos haar verhouding met die ander groepe, omdat sy hulle nooit leer ken of betrokke raak by hulle nie. ✓ (enige 1 van die opsies) | | | |
| 3.5 | C rantfigure is verantwoordelik vir hulle eie isolasie | 2.2.4 | toepassing | 1 |
| 3.6 | geen vaste strofelengtes<br>geen vaste versreëllengtes<br>geen vaste rympatroon<br>geen vaste ritme | 2.2.5 | begrip | 1 |
| 3.7 | personifikasie | 2.2.5 | begrip | 1 |
| 3.8 | Onwaar – "...so as van ou mans met klam monde ..." | 2.2.5 | sintese | 1 |
| 3.9 | Laat toe vir leerder se eie respons. | 2.2.7 | evaluering | 1 |

**[10]**

**VRAAG 4 NASKRIF: 'N CREDO – LINA SPIES**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 4.1 | Dalk is dit omdat die spreker weet daar word soms neergesien op "mooi" gedigte. Al die voorbeelde wat sy in strofe 1 noem, is jare gelede geskryf: "Dennebosse" in 1935, "Sproeireën" in 1950, Robert Frost se gedig in 1923 en Emily Dickinson s'n selfs vroeër, naamlik in die negentiende eeu. Die bywoord *"nog"* sluit hierby aan. Sy bedoel dus dat sy, in teenstelling met ander moderne (Afrikaanse) digters, "nog" steeds wil hê mense moet dink haar gedigte is "mooi".✓<br>**OF** Sy wil mooi, verhewe dinge aan die geliefde nalaat; dinge wat estetiese waarde het en verwyderd is van die gewone.✓<br>**OF** In teenstelling met ander digters van haar tyd wil sy gedigte skryf wat esteties mooi is, wat oor die mooi dinge in die lewe handel, dinge soos musiek en die natuur. [Hiermee sluit sy aan by die estetisering van die Dertigers, "die werklikheid gesluit in sellofaan".] Die woord word in aanhalingstekens geskryf want die verteller weet daar word soms neergesien op "mooi" gedigte.✓<br>(enige 1 van die opsies) | 2.2.6 | kennis | 1 |
| 4.2 | 'n geloofsbelydenis of innerlike oortuiging / 'n formele verklaring van beginsels of dit waaraan jy glo / uitgangspunt / beredeneerde en vaste oortuiging / 'n sterk oortuiging of geloofsbelydenis.✓<br>(enige 1 van die opsies) | 2.2.4 | kennis | 1 |
| 4.3 | Ja. Hy moet van eenvoudige dinge hou soos roomys in die straat loop en eet. Hy hoef nie noodwendig die musiek te herken nie, maar hy moet dit geniet. Hy moet van die eenvoudige dinge in die natuur hou, soos die reën wat val en 'n spierwit amandelboom. Hy moet in beelde kan dink, bv. die gerimpelde, ou vrou, waarskynlik met 'n bewerige, knikkende kop. Hy moenie 'n letterkundige wees nie, maar hy moet poësie kan geniet.✓ | 2.2.2 | toepassing | 1 |
| 4.4 | Met haar eerste verwysing na "'gewone' mense" bedoel sy mense wat nie kenners van "rym en metrum" is nie. Omdat | | | |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | "gewone mense" ook anders geïnterpreteer kan word, sê sy dan dat sy nie van "gewone mense" hou nie, en verduidelik sy wat sy daarmee bedoel.✓ | 2.2.5 | analise | 1 |
| 4.5 | Die *jy* is nie 'n kenner van die poësie nie.✓ | 2.2.8 | analise | 1 |
| 4.6 | D onverantwoordelikheid✓ | 2.2.3 | toepassing | 1 |
| 4.7 | "spierwit" teenoor "vaalte" | 2.2.7 | sintese | 1 |
| 4.8 | Die aangesprokene sal dieper as gewone mense kyk en die bejaarde vrou vol plooie met 'n positiewe beeld vergelyk. | 2.2.5 | begrip | 1 |
| 4.9 | Dit is vir haar voorbeelde van 'n emosioneel verhewe vorm van kommunikasie van groot skrywers/digters.✓<br>**OF** Die digters wat aangehaal word, is mense wat werk van die hoogste gehalte gelewer het. Deur hulle aan te haal, kwalifiseer<br>die spreker wat sy met "mooi" bedoel – sy bedoel eintlik uitstekende en pragtige poësie.✓<br>**OF** In die gedig verwys sy na twee verse van groot Afrikaanse digters, NP van Wyk Louw en DJ Opperman. Aldrie gedigte is pragtige natuurverse. Die spreker wil by die tradisie aansluit. Sy wil ook te kenne gee dat sy eerder met die realisme en "mooi" verse van die ouer digters identifiseer.<br>Daar is ook aanhalings uit die poësie van twee groot Amerikaaanse digters – ook uit 'n vroeër era. Daarmee wil die briefskrywer haar brief esteties verhef. ✓ (enige 1 van die opsies) | 2.2.10 | evaluering | 1 |
| 4.10 | Laat toe vir leerder se eie respons | 2.2.1 | | 1 |

**[10]**

**Gebruik die rubriek vir die nasien van die gedig**

## <u>VRAAG 5</u> XLIII jy is 'n mens 'n verweerde mens

### Die gedig as 'n sonnet

- Italiaanse sonnet: twee kwatryne wat saam 'n oktaaf vorm en 'n beeld gee van die mens.
- Die oktaaf: Die oktaaf word gebruik om 'n beeld te gee van die kompleksiteit van die mens met probleme. Die eerste kwatryn is 'n kritiese beeld van die sukkelende mens wat as "anders" gesien word. Die tweede kwatryn kyk meer ontledend na die mens wat probleme ondervind. Dan besef die leser dat baie van die mens se pyn onnodig deur homself of deur sy medemens veroorsaak word.
- Dan volg 'n verdieping wat in die vorm van twee tersines (sestet) uiteengesit is.
- Die sekstet: Die eerste tersine bevat 'n verdieping, omdat dit nou nie meer net 'n beeld is nie, maar 'n sielkundige kykie na die psige van die mens met probleme. Elkeen loop dieselfde pad van menswees. In die laaste tersine word die mens direk aangespreek en die oplossing gegee: Staan op, vat jou goed en loop. Met die hulp van jou Skepper, met die hulp van jou medemens, is dit moontlik. Maar elkeen moet verantwoordelikheid aanvaar. Nie net jy vir jouself nie, maar ook vir jou medemens.
- Die eerste drie strofes is dus 'n beskrywing van die mens, terwyl die vierde strofe 'n opdrag aan die mens is. Anders as in die tradisionele Italiaanse sonnet waar die wending na die oktaaf plaasvind, is die wending hier voor die laaste tersine (alhoewel daar in die eerste tersine 'n verdieping in die beskrywing van die mens is).
- Afwykings: geen rympatroon nie en geen spesifieke ritme kom voor nie.

**Strofes 1 – 3 verwys elke keer na ‘n ander aspek van die mens se bestaan**

- Die gedig toon ooreenkomste met die sonnet en bestaan uit twee kwatryne en twee tersines.

- In die eerste kwatryn word die mens beskryf wat as gevolg van omstandighede verweer, bedreig ("die wind ... teen jou keel") en verontmenslik ("onmens") is. Die verwysing na "geel" oë agter die bril suggereer dat die mens besondere insig het. Die "knopperige" hande en "vetterige" hare sluit aan by die beeld van 'n verweerde, verwaarloosde mens.

- In die tweede kwatryn word die mens saam met ander mense gegroepeer omdat hulle eenderse probleme het. Die "verweerde mens" het nou 'n "verwarde mens" geword.

- In die eerste tersine is daar 'n verdieping en toon die woorde "dubbelsinnigste" en "geskelde skellende" die mens/spreker se tweeledige aard. Die verwysing na "ek-mens" maak dit duidelik dat die spreker homself aanspreek, en dat hy verwyt en verwerp is.

- In die tweede tersine is daar 'n opdrag dat die mens hom moet regruk, nie 'n lamsak moet wees nie, sy oë vir die waarheid moet oopmaak ("speroë") en sy hand in die "Groot hand" moet plaas. Die woorde "tel op die sak" verwys intertekstueel na die insident in die Bybel waar Christus 'n verlamde beveel om sy bed op te neem en te loop.

**Die redes waarom die verweerde mens in ‘n hoek gesmyt is**

- omdat die mens geen ruggraat het nie / lamsakkig is / hy homself nie kan regruk nie
- omdat hy nie sy oë vir die waarheid wil oopmaak nie - speroë
- omdat hy nie wil werk en geld verdien sodat hy self sy situasie kan verbeter nie - hand
- omdat hy nie sy hand na God wil uitsteek vir hulp nie – Groot Hand

**Die wyse waarop die slot weer by die begin van die gedig aansluit**

- gedig sluit weer af met die woord “jy” waarmee die gedig begin het

**[10]**

**VRAAG 6 XLIII jy is ‘n mens ‘n verweerde mens**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.1 | **Jy** is die tweede persoon enkelvoud, terwyl **hy** die derde persoon enkelvoud is, Deur die persoon direk aan te spreek, skep die spreker meer ’n persoonlike gesprektoon en kan die leser makliker met die opmerkings in die gedig geassosieer as wanneer die spreker die derde persoon sou gebruik. ✓✓ | 2.2.2 | analise | 2 |
| 6.2 | Na die mens wat deur die winde / storms / swaarkry van die lewe afgetakel is. ✓ | 2.2.4 | toepassing | 1 |
| 6.3.1 | Soms sal ’n digter sy digterlike vryheid uitoefen en nie hoofletters gebruik nie, om sodoende doelbewus af te wyk van konvensionele taalgebruik. ✓ | 2.2.6 | kennis | 1 |
| 6.3.2 | Dit beklemtoon die onbelangrikheid van die mens. Groot word met ’n hoofletter geskryf omdat dit na God verwys. | 2.2.2 | toepassing | 1 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 6.4 | Die geel oog kan 'n mens laat dink aan die kleur van 'n luiperd se oog. Die suggestie word gelaat dat die mense iets van 'n roofdier, 'n onmens se eienskappe inherent in hom het. Die moderne mens het iets van sy menslikheid verloor./ ✓✓<br>Die roofdier / luiperd se geel oë kan doen wat die mens nie kan doen nie – hy kan in die donker sien. Deur na die aangesprokene se geel oë te verwys, is daar die implikasie dat hy die werklikheid raaksien. ✓✓<br>Die geel oë gee aan die spreker die byna dierlike eienskap van verskerpte sig (of insig) wat direk aansluit by die bundel-titel.✓✓<br>(enige een)<br>[geel moet nie verwys na 'n siekte nie – die vraag verwys spesifiek na die bundeltitel = Deur die oog van die luiperd] | 2.2.5 | begrip | 2 |
| 6.5 | Die spreker wil hê die leser moet oor sy eie dubbelsinnigheid besin voordat hy ander mense se dubbele standaarde bevraagteken.✓/ Elke mens het twee kante en die oortreffende trap beklemtoon dit. ✓ / Dit beklemtoon dat die "ek wat homself veroordeel maar ook net so maklik ander veroordeel.✓ | 2.2.5 | kennis | 1 |
| 6.6 | Die trant van die eerste tersine is veroordelend en emosiebelaai ✓ terwyl die tweede tersine vanaf 'n evaluering na 'n opdrag verander ✓ | 2.2.10 | sintese | 2 |

[10]

**[30]**

**AFDELING B: ROMAN**

**VRAAG 7: OPSTELVRAAG**

**DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – ELEANOR BAKER**

**Die begrip ironie**

- wanneer die teenoorgestelde gesê word as wat werklik bedoel word ter wille van groter effek
- die stand van sake is dus die teenoorgestelde as wat 'n mens verwag
- ironie verskaf 'n gevoel van slimwees en genot by die snap daarvan

**Die algemene vereistes van die liefdesgenre**

- *Die leser wil identifiseer met 'n vurige en sterk heldin*. Alhoewel sy 'n gesonde sin van ironie het wat sy gebruik om haarself as vrou te laat geld, kan die hoofkarakter, Iris, beswaarlik as die tradisionele vurige en sterk heldin beskou word. Van vroeg af het haar lewe die smaak van mosterd na die maal (Pakendorf 1989): niemand luister regtig na haar nie en haar susters se lewens lyk opwindender en interessanter as hare.

- *Die heldin se beroep is belangrik omdat die lesers wil lees oor die heldin wat haar roeping in die lewe gevind het.* Alhoewel Iris 'n universiteitskwalifikasie het, het sy geen beroepsambisie nie. Tot almal se skok aanvaar sy die *"nederige"* werk as stoelassistente by 'n tandarts. Sy soek nie 'n uitdagende werk waarvan die konsentrasie inmeng met haar romantiese fantasieë nie. Sy sou ook 'n posbode of buskondukteur kon wees.

- *Alhoewel die held 'n sterk persoonlikheid het, verstaan hy die heldin se diepste behoeftes en menswees.* Peter het geen benul hiervan nie. "Omdat ek geen idee het hoe jou kop werk nie."

- *Die held en heldin moet voortdurend kontak hê.* Iris en Peter sien mekaar bitter min: hulle ontmoet by 'n partytjie, hy kom drie weke daarna vir haar kuier en die volgende jaar besoek hy haar tydens 'n drie weke vakansie terwyl hy in Amerika studeer. Tussenin is daar geen kontak nie en sy is elke keer verbaas as sy hom sien, of hy toevallig in die omgewing is.

- *Die romanse is karaker- en emosioneel gedrewe en seks speel eers teen die einde 'n rol. Die "uitgestelde begeerte" is 'n belangrike konsep by die skryf van 'n populêre liefdesverhaal*. Met Iris en Peter se eerste ontmoeting gaan hulle tot die seksuele daad oor, so ook die tweede en derde keer dat hulle mekaar sien. Dit is duidelik dat emosie glad nie 'n rol speel nie, veral nie by Iris nie.

- *Die held en heldin moet botsende idees oor bepaalde kwessies hê, bykomend tot die emosionele konflik*. Omdat daar so min kontak is, is daar min geleentheid vir botsende idees. Die enigste voorbeeld is wanneer Peter nie saamstem oor haar toekomstige modelloopbaan nie en sy dan sommer goedsmoeds toegee (heeltemal teenstrydig met die konvensies van populêre liefdesverhale).

- *'n Gelukkige einde.* Alhoewel Iris en Peter trou, ervaar die leser nooit 'n

**Die ironiese toepassing hiervan op die Kwart-voor-sewe-lelie**

- " and they lived happily ever after" –einde nie. Iris vra nog op haar troudag vir die Engel of sy die regte ding doen. Sy leer ook dat die lewe nie 'n storieboek is nie.

- *Lesers hou van eksotiese bestemmings.* In plaas van 'n romantiese wittebroodsbestemming moet Iris die volgende dag assisteer by 'n moeilike stukkie kraakchirurgie. Ook New York en die sneeubedekte Vermont wat sy saam met Peter besoek, word as onromanties uitgebeeld. Peter was nie daar om haar met ope arms in New York te verwelkom nie en die hotelkamer was leeg en gemeubileer in hotelkleure met twee enkelbeddens.

- *Populêre liefdesverhale het dikwels 'n derdepersoonverteller waar die hoofkarakter die fokalisator is (dinge word vanuit haar perspektief beskou.)* In *Die kwart-voor-sewe-lelie* is daar ,n eerstepersoonsverteller aan die woord en die komplekse

hantering van die vertelinstansie behoort die leser reeds te waarsku dat hier meer op die spel is as in ’n populerê verhaal. Die verteller het ’n ligte, satiriese aanslag.

**Leerders moet die opstel van ’n gepaste inleiding en slot voorsien.**

**[25]**

**VRAAG 8: OPSTELVRAAG**

**DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE – ELEANOR BAKER**

8.1 Iris se obsessie om eendag te blom. (1)

8.2 Ja, want die meeste mense het die begeerte of behoefte om iets sinvols te verrig. (1)

8.3 Iris (1)

8.4 Alles word vanuit een persoonlike oogpunt vertel. (1)

8.5 Sy wonder wanneer sy gaan “blom”.
Die “blom oomblik” maak haar keuses moeilik.
Sy twyfel of sy met Peter moet trou.
Sy weet nie of iets soos bv. die modelkontrek haar laaste geleentheid is om te “blom” nie. (3)

8.6 Sy wil liewer saam met Peter met vakansie na Belmont gaan en sy wil liewer met Peter trou. (1)

8.7. Die Engel sê ‘n naam is net ‘n naam en dat die lewe nie ‘n storie-boek is nie. (1)

8.8. Peter is nie so ongeërg oor seks nie.
Hy dink nie dat ‘n naam belangrik is nie.
Hy glo nie ‘n mens se blomtyd lê by jou eie besluite nie.
Hy is ‘n trouman.
Hy glo nie dat die Engel bestaan nie.
Hy is realisties en nugter.
Hy is meer seker van homself. (3)

8.9. Iris droom van haar lewe saam met Peter en sy wil haar dogter leer handewerk doen en klavier speel, maar sy besef dat hulle eerder vir haar sal moet leer, aangesien sy nie een van die twee vaardighede kan doen nie. (2)

8.10.1 Sy is self verantwoordelik vir haar keuses en lewe. (1)
8.10.2 Sy moet die werklikheid aanvaar en nie probeer ontsnap in ‘n verbeeldingswêreld nie. (1)

8.11 Hy laat die fantasiewêreld verdwyn; hy oorheers die werklikheid. (2)
8.12 Hulle versterk haar twyfel oor die waarde van trou.
Hulle laat haar minderwaardig voel.

Sy kry nooit alleen al die aandag nie.
Sy is onseker oor haar vermoë om die regte keuses te maak. (3)

8.13 Sy leef in harmonie saam met Johanna.
Johanna spot daarmee.
Claude word heelhartig aanvaar. (2)

8.14 Haar geaardheid van ontvlug van ‘n onaangename werklikheid. (2)
**[25]**

**VRAAG 9: OPSTELVRAAG**

**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS PIETER PIETERSE**

**Baas se aanvanklike ingesteldheid rondom Christenskap**

- Baas word in ’n Christelike ouerhuis groot.
- Hy onthou hoe hulle saans in die kerkie wat sy pa nog op die plaas gebou het, gesing het.
- Hy en sy nefie het gewedywer om eerste die volgende liedjie op te gee om te sing.
- Sy oupagrootjie se verweerde Bybeltjie is een van sy kosbaarste besittings.
- A.g.v. die moord op sy ouers raak hy afvallig – hy lees al minder uit sy Bybel.
- Hy raak kwaad as ouma Essie hom ’n Christen noem oor hy medisyne en kos aan die mense uitdeel.

**Karakters se siening oor God / Christenskap**

Ouma Essie (3)

- Die drome wat jy droom, is die drome wat Hy vir hulle géé om te droom.
- Jou reg om ’n Christen te wees maak van jou ’n Christen.
- Rom. 10:20: “Ek het my laat vind deur dié wat My nie gesoek het nie. Ek het verskyn aan dié wat na My nie gevra het nie.
- Rom. 10:9-10

Griessel (2)

- Christenskap is beslis nie om met ’n wrok in jou hart te loop nie.
- Christenskap is nie goeie werke nie.
- Christenskap is ’n gesindheid.

Grace (2)

- Dit is die Here wat gemaak het dat Baas is waar hy is.
- Volgens haar het die Here hom oë en ore gegee om te sien en te hoor.
- Omgee is wat van jou ’n Christen maak.
- Die weet waar ek heengaan, hier, en in die lewe hierna.

**Baas se uiteindelike verandering t.o.v. Christenskap (3)**

- Hy begin meer Bybel lees.
- Hy bid by ouma Essie se siekbed.
- Hy maak planne om die kerk te herbou.
- Hy besef hy is deel van die gemeenskap – moet sy deel bydra.
- Hy vind berusting oor sy geloof.

**[25]**

## VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

## MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – PIETER PIETERSE

| Vraag | Antwoord | Punt | LU en AS | Denkvlak |
|---|---|---|---|---|
| 10.1 | Baas wil die mense wat van ander lande kom, wys hoe die mense van die Zambezi leef.<br>Die mense wat hy bring, moet bly / slaap in die inwoners se huise (hulle ken slegs hotelle.)<br>Hy wil hulle kans gee om ongerepte Afrika te verken – saam met die vissermanne op hul boomstamkano uitgaan, die bloedmoerasse verken. | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.2 | Die Zambezirivier skakel met sy droom – hy wil die Zambezirivier tem.<br>In die Zambezirivier kom malaria algemeen voor.<br>Baas het Grace gehelp toe sy malaria kry – daarom het sy hom weer later gaan help.<br>Bg. optrede beïnvloed sy verdere optrede teenoor die gemeenskap. | 2 | 4.2.3 | 1 |
| 10.3.1 | Sy pa en ma is deur rebelle / barbare op hulle plaas vermoor | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 10.3.2 | Nee, hulle sou hom nie aanvaar nie.<br>Volgens hulle help die een die ander – jy is dus betrokke by mekaar.<br>*(Enige goed gemotiveerde, geldige motivering)* | 2 | 4.2.1 | 3 |
| 10.4.1 | Daar is die moontlikheid van 'n regeringskonsessie vir die skiet van 'n paar olifante per jaar – vir ivoor is daar altyd 'n mark. | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.4.2 | Hy moes gedurigdeur in almal se behoeftes voorsien soos medisyne / kos. Dit het hom finansieel uitgeroei. | 1 | 4.2.1 | 3 |
| 10.4.3 | Hy raak gefrustreerd, want hy het nie meer geld nie – kan dus nie sy droom oor die boot laat realiseer nie. //<br>Hy is geïrriteerd – hy het gedink hy gaan net al sy aandag aan sy boot kan gee – toe raak hy so betrokke by die gemeenskap dat hy nie meer tyd het vir enigiets anders nie. | 2 | 4.2.1 | 3 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 10.5.1 | Baas kom goed klaar sonder ander mense. | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 10.5.2 | Baas se woorde oor homself / dialoog. | 1 | 4.2.1 | 2 |
| 10.6.1 | Ouma Essie | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.6.2 | Baas sê hy is nie ’n Christen nie.<br>Tog bewys sy optrede die teendeel, soos wanneer hy vir die siekes medisyne uitdeel. | 2 | 4.2.1 | 2 |
| 10.6.3 | Beoordeel iemand eerder volgens sy dade as sy woorde / velkleur / agtergrond. | 2 | 4.2.2 | 3 |
| 10.6.4 | Die omgee.<br>Die weet waar ek heengaan en die lewe hierna. | 2 | 4.2.1 | 1 |
| 10.7.1 | Ds. Griesel du Pisani | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.7.2 | Hy was sy hand na een van hulle hom met ’n handdruk groet - hy beskou die plaaslike inwoners as sy mindere.<br>*(Enige ander moontlike, geldige voorbeeld.)* | 1 | 4.2.1 | 1 |
| 10.8 | Ronde karakter.<br>Hy ondergaan verandering na die einde:<br>Hy maak vrede daarmee dat sy rol in Manaka anders is as wat hy beplan het.<br>Hy lees meer die Bybel.<br>Hy bid by ouma Essie se siekbed.<br>Hy maak planne om die kerk te herbou. | 3 | 4.2.1 | 2 |
| | | | | **[25]** |

**VRAAG 11: OPSTELVRAAG**

**VATMAAR – AHM SCHOLTZ**

Leerders se <u>inleiding</u> moet aandui hoe dit by die vraag aansluit en ’n standpunt moet ingeneem word:

- Vatmaar is die naam van die nedersetting wat deur Oom Chai en Ta Vuurmaak en met Corporal Lewis se hulp na die Anglo-Boere Oorlog gestig word.
- Die woord “vatmaar” dui op hulle persepsie van wat diefstal is of nie. Hulle glo dat een persoon se besitting in Vatmaar almal s’n is – ’n vorm van ubuntu.
- Maar die inwoners van Vatmaar is nie die enigste mense wat ander se eiendom as “vatmaar-goed” beskou nie. Die Britte tydens die oorlog en die Boere/Afrikaners na die oorlog het ook dieselfde persepsie van besitreg gehad.

Leerders moet nou hulle argument uitbou deur te verwys na hoe Vatmaar tot stand gekom het:

- Oom Chai is die persoon wat die term “vatmaar-goed” gebruik as hy verwys na die boumateriaal wat hy en Ta Vuurmaak (met Corporal Lewis se toestemming) uit die Boere se huise verwyder het voordat die Britte die huise afgebrand het en weggesteek het tot na die oorlog.
- Ta Vuurmaak moes die boumateriaal oppas terwyl hy in ’n ou Britse treinwatertenk gebly het wat vol gate geskiet is deur die Boere en wat dus nie meer gebruik kon word nie.

- Ta Vuurmaak en Oom Chai regverdig die vat van die boumateriaal deur aan te voer dat die Britte reeds die Boere se besittings gesteel het en dat dit inelkgeval verbrand sou word.
- Die nietige treinwatertenk se sleepspoor het die hoofpad van die Vatmaar-nedersetting geword en die "gesteelde" boumateriaal is gebruik om die eerste sinkhuise te bou. Vatmaar is dus letterlik gebou met "vatmaar-goed".

Leerders moet nou verwys na hoe die Britte en die Boere hulleself aan "vatmaar" skuldig gemaak het:

- Die Britte is skuldig aan "vatmaar" deurdat hulle volgens Lord Kitchener se Verskroeide-aarde-beleid die Boere se plase moes afbrand en hulle vroue en kinders in konsentrasiekampe plaas. Dit was gedoen om die Boere se moed te breek en so het die Britte uiteindelik die oorlog gewen.
- Die onteiening van die Boere se besittings het vir Oom Chai die geleentheid gebied om hierdie besittings as niemandsgoed te beskou. "Optelgoed is hougoed" het hier betrekking.
- Die Britte het ook deur die anneksering van die Vrystaatse diamantvelde en die inval en kolonialisering van die Boererepublieke van Transvaal en die Oranje Vrystaat bloot die Boere se eiendom afgevat en vir hulleself toegeien deur dit as Britse kolonies te verklaar.
- Ooreenkomstig het die Boere voor en na die oorlog hulleself ook aan "vatmaar" skuldig gemaak omdat hulle plase en republieke op grond gevestig is wat oorspronklik aan die inheemse volke van Suid-Afrika behoort het en wat nie van hulle oorgekoop was nie. Die Boere het die inheemse bevolkings met hulle wapens van hulle grond onteien en hulle as slawe ingespan.

Leerders moet nou hulle opstelle afsluit deur aan te dui dat Vatmaar se inwoners se onkunde oor wat diefstal is en die Britte en Boere se minagting daarvan, almal skuldig maak aan "vatmaar":

- Omdat die mense van Vatmaar volgens die hoofverteller nie van die Agste Gebod ("jy mag nie steel nie") geweet het nie en volgens die ou Griekwa-beginsel van mededeelsaamheid / Afrika-beginsel van ubuntu geleef het, is hulle minder skuldig aan diefstal as die manier waarop die Britte en Boere met manipulering, bedrog, militêre mag en selfsug dit gevat het wat hulle wou hê.

**[25]**

**VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG**

**VATMAAR – AHM SCHOLTZ**

12.1. 'n **Eerstepersoonsverteller** is aan die woord. (1)

12.2. Die verteller begin sy vertelling met **"Onse"** [½-punt], die meervoudsvorm van **"ek"** [½-punt] . (1)

12.3. Die verhaal word in die **verlede tyd** vertel. In die **voorwoord** aan die leser sê die skrywer dat hy die mense van Vatmaar sal onthou. Sy vertelling bevat **al sy herinneringe** aan die mense **van Vatmaar**. (2)

12.4. Sy eie **jeugperspektief**. “Onse **gemiddelde ouderdom** was so **twaalf** jaar.” (2)

12.5. **Ja**, want hy vertel vanuit sy **twaalfjarige perspektief** toe **“myl”** die **enigste woord** in gebruik was **om afstand** mee **uit te druk**. (2)

12.6. ’n Paradoks. (1)

12.7. Vatmaar se mense se **rykdom** was **nie** geleë in **materiële goed nie**, maar in die **ontasbare**, soos Jongmeisies wat nie swanger was voordat hulle getrou het nie, oupas wat steeds bereid was om hand by te sit met werkies, “rykmansiektes” soos kanker wat hulle nie geteister het nie. Hul **armoede** was die **gebrek aan aardse besittings** en die **afwesigheid van basiese mediese dienste** en Die feit dat hulle meestal gesterf het van geneeslike siektes soos witseerkeel en tering. Hierdie armoede het hulle egter nie geestelik verarm nie, maar juis verryk. (4)

12.8. **Onwaar**. Die kinders het nie werklik gesteel nie; hulle het bloot nie besonder baie respek gehad vir ander se besittings nie – **almal het alles met mekaar gedeel**. (2)

12.9.1. Implisiet: **dat hy en Ruth moet toesien dat hul kinders (wat bruin sou wees) nie teen Ruth se mense moet draai nie.** (1)

1.9.2. Eksplisiet: dat hy **bogadie (lobola)** moet betaal. (1)

12.10. Die **Corporal**, ’n **wit** Engelsman, het die **swart** vrou, **Ruth**, lief met ’n diep, innige liefde wat verby ras en kleur kyk. Wanneer hy by haar is, sê hy: **“I don’t see her blackness”**. (2)

12.11. ’n Goeie volsin wat hulle **liefde** vir mekaar en hulle **eenheid** beklemtoon. (1)

12.12. Hy openbaar homself as ’n **empatiese mens: “Ek het regtig jammer gevoel vir hierdie Corporal Lewis want hy het uit sy hart uit gepraat.”** In die res van die episode is hy egter ’n **geslepe opportunis** wat presies weet hoe om ’n situasie te gebruik tot sy eie voordeel. (3)

12.13. ’n **Ronde** karakter. ’n Mens leer **nie net** sy **goeie of slegte kant** ken nie, maar sy **hele persoonlikheid.** (2)

**[25]**

**VRAAG 13: OPSTELVRAAG**

**KRISMIS VAN MAP JACOBS – ADAM SMALL**

- **Moontlike inleiding**
  Die sentrale tema is die lot van mense wat in ‘n uitsiglose bestaan vasgevang is en wie se kanse op uitkoms min is. Verskeie karakters - deur hul handeling en dialoog - probeer om uit hul omstandighede te ontsnap, terwyl ander hul situasie gelate aanvaar.

- **Hervestiging**

- Die groepsgebiedewet van 1966 het bepaal dat sekere woongebiede vir sekere rassegroepe gereserveer is.
- Mense is uit gebiede soos Woodstock, Claremont en Distrik Ses verwyder en op die Kaapse Vlakte hervestig.
- Die vlaktes was ver van hul werksplekke, het geen geriewe gehad nie, misdaad het hoogty gevier en baie was werkloos a.g.v. werksreservering.

- **Map**
  - Is jong, belowende matrikulant, maar loop hom vas teen werksreservering. Bl. 31 “en toe ek ‘n job soek, ‘n goeie werk, well. ‘it was alles vir whites only.”
  - Sy lewe ontspoor kort daarna en hy word leier van drie bendes.
  - Hy beland uiteindelik in die tronk en probeer met die hulp van Apostel George vir God vind.
  - Hy probeer op ‘n wettige wyse in die samelewing integreer.
  - Map sukkel om werk te kry a.g.v. sy rekord.
  - Selfs die kersorkes aanvaar hom nie terug as sakofoonspeler nie.
  - Sy liefde vir Blanchie is egter sy behoudende faktor.
  - Map se kanse om op die goeie pad te bly, blyk egter nie goed te wees nie: die oop einde van die drama laat hom steeds met min werkvooruitsigte en die kans bestaan dat hy weer in sy bendeweë sal verval.

- **Cavernelis**
  - Hy probeer deur harde werk uit moeilike omstandighede ontsnap: hy werk bedags in “polony factory” en verkoop saans “soft goods”.
  - Misbruik self sy dogter in desperaatheid om daar weg te kom.
  - Hy probeer die beste maak van sy omstandighede deur aan die droom vas te klou dat hy en sy gesin na ‘n beter area sal kan trek.
  - Sy pogings blyk egter futiel te wees, want hy kraak uiteindelik en pleeg selfmoord.

- **Maud**
  - Probeer Cavernelis ondersteun in hul strewe om uit die township te trek.
  - Sy doen naaldwerk om geld te maak.
  - Sy strewe om ‘n hoër sosiale status te bekom deur te probeer verengels en skoon taalgebruik en die heiliging van die Sondag te predik.
  - Haar strewe stel haar egter net bloot aan bespotting van karakters soos Cyril en Richie.
  - ‘n Geweldadige konflik ontstaan tussen haar en Blanchie en dit lei daartoe dat sy haar man verloor as hy selfmoord pleeg.

- **Cyril en Richie**
  - Hulle werk nie (moontlik slagoffers van werksreservering) maar verwyl hul tyd deur heeldag kerm te speel.
  - Bekend as die skorriemorries en leegleërs van die buurt wat genot daaruit put om ander inwoners te treiter.
  - Hulle het hul omstandighede aanvaar en doen nie meer moeite om werk te probeer kry nie.
  - Hulle is ook verteenwoordigend van baie van die jong mans in die gemeenskap.

- **Moontlike Slot**
  Die karakters probeer deur wat hulle sê en doen ontsnap van hul uitsiglose bestaan, maar hulle bereik nie sukses nie omdat mense wat in 'n uitsiglose bestaan vasgevang is, se uitkomkans min is.

**[25]**

**VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG**

**KRISMIS VAN MAP JACOBS – ADAM SMALL**

| No | Antwoord | Punt | LU en SU | Denkvlak |
|---|---|---|---|---|
| 14.1 | Herhaalde verwysings na Map en sy verlede .✓/ Wat hy gaan doen na sy vrylating. ✓ (enige 1) | 1 | 2.4.2.1 | 3 |
| 14.2 | Map besef te laat dat dit sy ma en suster is wat hulle verkrag. Hy probeer hulle verdedig en in sy blinde woede weet hy nie eens wie hy steek nie. ✓<br>Map probeer homself nie verontskuldig nie, maar erken dat hy as leier die opdrag gegee het en hy het homself aan die polisie oorgegee. ✓ | 2 | 2.2.1 | 1 |
| 14.3 | Het dalk al moed opgegee om ooit werk te kry en moet iets doen om hulle besig te hou. ✓ /<br>Hulle werk nie. ✓ (enige 1) | 1 | 2.4.2.7 | 3 |
| 14.4 | Sy noem hulle skorriemorries, "layabouts" en "laofers". ✓<br>Hulle treiter Blanchie, bespot Carvernelis omdat hy onderklere verkoop. ✓ | 2 | 2.4.2.7 | 1 |
| 14.5 | Hulle mors hul tyd deur speletjies soos kerrim te speel en grappies te maak, terwyl hulle eerder by die politiek en wêreldgebeure betrokke moet raak. ✓ | 1 | 2.4.2.7 | 1 |
| 14.6 | Iemand wat altyd 'n leier is. ✓ | 1 | 2.4.2.7 | 2 |
| 14.7 | Willy La Guma✓<br>Omstandighede waarin dieapartheidsregering die bruinmense gedompel het. ✓ | 2 | 2.4.2.7 | 1 |
| 14.8 | Hierdie bruinmense is ontwortel en van hul geskiedenis ontneem deur 'n onderdrukkende regering, maar tog is hulle nie bitter nie. ✓ Hulle behou hul lewensvreugde, gaan selfs voort met die kersorkeste en klopse.✓ (Verdien slegs punteindien albei kante bespreek is.) | 2 | 2.2.7 | 3 |
| 14.9 | -Kersfees is 'n tyd waar families saamkom en 'n vreugdevolle tyd met mekaar geniet. Map word voor Kersfees vrygelaat en met sy famlie herenig. ✓ /<br>- Kan ook na die ironie verwys – die gemeenskap is nie vreugdevol oor Map se vrylating nie, want dit skep spanning en die gemeenskap is in afwagting oor wat hy gaan doen. ✓ (enige 1)<br>(aanvaar ook ander logiese moontlikhede) | 1 | 2.2.4.10 | 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 14.10 | Albei smous – Cavenelis met onderklere en Tommy met juwele. ✓ | 1 | 2.4.2.7 | 2 |
| 14.11.1<br>14.11.2<br>14.11.3 | pla ✓<br>defti g ✓<br>op enige moontlike manier ✓ | 3 | 2.2.4.7 | 3 |
| 14.12 | Nadat hy ander mense bespreek het, noem hy altyd dat dit nie hul "biesagheit" is nie. Cyril herhaal die woorde in sy gesprekke. ✓ | 1 | 2.2.1 | 2 |
| 14.13 | -Dit was die politieke ingesteldheid van daardie tyd toe baie kleurlinge nie gelukkig was om kleurlinge genoem te word nie. ✓/<br>-'n Sekere groep kleurlinge wou nie deel wees van die kultuur nie en het dit as benede hulle gesien. ✓ (enige 1) | 1 | 2.2.4.10 | 4 |
| 14.14 | -Is 'n skinderbek ✓<br>-ook 'n goedige mens wat altyd probeer om botsings te ontlont. ✓ | 2 | 2.4.2.7 | 2 |
| 14.15 | -Groepsgebiedewet van 1966 ✓<br>-Volgens dié wet is bruinmense uit areas soos Distrik Ses, Woodstock en Claremont verwyder en op die Kaapse Vlakte hervestig. ✓ | 2 | 2.2.6 | 3 |
| 14.16 | Is funksioneel – dis die taal wat die Kaapse Kleurlinge in die werklike lewe besig en dra dus by tot die geloofwaardigheid van die drama. ✓✓/<br>-Nie funksioneel – die kru taal laat die boodskap van die drama verlore gaan. ✓✓ (slegs motivering verdien punte) | 2 | 2.4.1.1 | 4 |

**[25]**

**VRAAG 15: OPSTELVRAAG**

**MIS (UIT TRITS) REZA DE WET**

Gebruik die rubriek vir literêre opstelle. Die punte-indeling is as volg:
15 feite word gemerk
10 punte vir taal en styl volgens rubriek.

Die volgende feite word gemerk: (√ )

**Die binneruimte (4 feite)**
In *Mis* is die visuele **binneruimte** die kombuis van 'n armoedige huisie op 'n kleinhoewe net buite 'n plattelandse dorpie, waar Miem en haar dogter, Meisie, 'n karige bestaan voer deur plaasmis in tuisgemaakte goiingsakke te verkoop. √
As gevolg van die Groot Depressie wat sewe jaar tevore begin het, het die gesin hulle familieplaas verloor en die lappie grond bekom. √
In die beskrywing van die **stel** aan die begin van die drama word die binneruimte – die kombuis – baie deeglik beskryf. √ Daaruit kan ons onder andere die volgende aflei:
Dit is 'n armoedige huis.
Daar is nie lopende water en elektrisiteit nie.
Die goiingsakke met die woord "Mis" daarop is belangrik
Die manshoed dui op die teenwoordigheid van 'n man.

Die gaasdeur moet vlieë buite hou. (enige 2 √√)

**Die buiteruimte (4 feite)**
Die dramatiese ruimte bestaan uit die visuele binneruimte – wat die gehoor sien – en die onsigbare, gesuggereerde ruimte daar buite, wat die **buiteruimte** genoem word. √
Die akteurs kom ook vanuit hierdie onsigbare buiteruimte op die verhoog en gaan daarna weer daarheen terug. √
Wat is die **buiteruimtes** in *Mis* en hoe word dit geskep? Kyk na die volgende tabel:

| **Buiteruimte** | **Hoe word dit geskep?** | √ |
|---|---|---|
| Die solder | Gabriel word gehoor; die tou vir die mandjie en slopemmer word laat sak en opgetrek. | √ |
| Die res van die huis | Miem, Meisie en Gertie beweeg soontoe en terug | |
| Die agterplaas | Meisie en die konstabel gaan maak die slopemmer buite leeg; Gertie gaan buitentoe; die hond word buite gehoor. | √ |
| Die sirkus | Die liggies word beskryf; die musiek is hoorbaar wanneer die kombuisdeur oopgemaak word. | √ |
| Die dorp en die rivier | Dit word beskryf; die geblaf van honde word gehoor. | √ |

**Die gespeelde ruimte as plek vir bevryding (5 feite)**

- Die gespeelde ruimte vir die gebeure in *Mis*, naamlik hul armoedige huisie, verteenwoordig 'n "versmorende kleinwêreldse realiteit van alledaagsheid en engheid" √, soos Meisie tereg haar lot teenoor Konstabel bekla:
- Die is dun en vol krake. √
- En als wat buite is kom in. √
- Ek vee en stof, vee en stof, maar\ dit help nie. √
- En die vensters, elke dag moet ek hulle skoonmaak. √

- Dit is die plek waarin Miem haarself kan handhaaf as outoritêre matriarg wat die regte weë volg en die "bose" besweer. √
- Hier is haar woord wet en heers sy met 'n ysterhand oor Meisie. √
- As enkele voorbeeld word na haar reaksie op Meisie se belangstelling in die sirkus verwys: Meisie (*opgewonde*): Is daar baie liggies en is die tent groot? Miem (*kwaad*): En vir wat wil jy weet! √

- Sy mag dus nie oor die sirkus praat nie, en mag selfs nie daaraan dink nie, want *"om te dink is om te doen"* (48). √
- Die erg Calvinistiese siening is ooglopend dié van Miem. √
- Die sirkus is vir Miem 'n metafoor vir 'n "bose, gevaarlike onderbewussyn vol irrasionele begeertes en vreemde 'truuks' wat die mens se sin vir rede en moraal ondermyn".√
- Haar huis is vir haar dus 'n 'veilige vesting' teen die bose en donker mag van die onderbewussyn.√

- Vir Gertie is Miem se huis ook 'n toevlug teen dreigende onheil, maar word later vir haar, in die rol van 'tant Hannie', ook 'n plek vir 'n bevrydende fantasiespel. √
- Vir Meisie is die 'veilige vesting' van haar ma waaraan armoede en 'n misreuk kleef, 'n onhoudbare ruimte waaruit sy hunker om te ontsnap. √
- Ironies, is dit die plek waar sy haar latere transformasie beleef en waarbinne die bevrydingsritueel sy beslag kry. √
- Die ruimte/huis is 'n "magiese speelplek" vir Konstabel, waar hy later die aand van rol verwissel en homself as rituele bevryder bevestig. √

**Tyd (2 feite)**

- Aan die begin van die drama word daar genoem dat die **tyd** wanneer *Mis* afspeel, die laaste aand in Augustus 1936 is. √
- Hierdie inligting word ondersteun deur:
- die beskrywing van die binneruimte (byvoorbeeld die verwysings na die koolstoof, wastafel, olielamp) √
- die verwysing na die Depressie – wat in 1929 begin het – wat tot die verlies van Gabriël se familieplaas en dus tot die gesin se armoedige omstandighede gelei het. √
- Terwyl die drama-opvoering se **speeltyd** ongeveer 90 minute is, is die **gespeelde tyd** ongeveer vier uur – van agtuur in die aand tot ongeveer middernag. √

**[25]**

**VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**

**MIS (UIT TRITS) – REZA DE WET**

16.1 Hulle maak goiingsakke√ waarin hulle mis verpak om te verkoop. √ (2)

16.2 'n Besending mis word om sewe-uur die volgende oggend opgelaai. (1)

16.3 Die solder. √
"… *sak die tou stadig uit die valdeur …"* √ (2)

16.4 Gabriël / Miem se man / Meisie se Pa√
Hulle moet vir kom kos met die mandjie opstuur. √ (2)

16.5 Die woorde toon dat sy vir Meisie oorheers√ en gee bevele sonder enige asseblief of dankie. Sy behandel Meisie as't ware soos 'n slaaf. √ (2)

16.6 Die huilwind skep 'n stemming van mistroostigheid√ wat die troosteloosheid van Meisie se bestaan beklemtoon√ en ook die naderende onheil suggereer. √ (3)

16.7 Meisie het ’n begeerte om die eksotiese sirkus te ervaar, maar Miem verbied haar om enigiets daarmee te doen te hê of selfs daaraan te dink. √
Dit lei daartoe dat Meisie uiteindelik toelaat dat die konstabel haar uit haar neerdrukkende omstandighede bevry. √
Dit sluit dus by die tema van bevryding aan. √ (3)

16.8 Die Konsabel het vroeër verwys na Gabriël (in die solder) wat ook ’n verdagte kon wees (van die meisies se verdwyning). √ Miem het baie heftig daarteen gereageer. √ (2)

16.9.1 Die manier hoe hy aan Meisie raak en die feit dat hy sê sy moet voor hom kniel, herinner aan 'n predikant se optrede. √ (1)

16.9.2 Dit sluit aan by die betekenis van "mis" as 'n seremonie in die Katolieke Kerk (1)

16.10 "Meisie maak haar oë toe en gooi haar kop effens agteroor." (1)

16.11 Die konstabel gaan Meisie help verdwyn√ terwyl Miem-hulle se oë toe is en hulle slaap. √ (2)

16.12 Meisie is soos 'n Aspoestertjie of Slapende Skone√ wat wag om deur 'n prins gered te word. √ (2)

16.13 Goed teenoor sleg
Transformasie en die bonatuurlike
Die sensuele/liggaamlike
Sprokiestema (enige 1) (1)

**[25]**

**GROOT TOTAAL: 70**